Praktiese Kaartwerk

DOEL
Om kaartwerk prakties drie dimensioneel vir kinders aan te bied.

WAT HET JY NODIG
1. Plat bak gelyk met bousand (80x80 cm)
2. Monopoly huisies, blou plastiek vir water, takkies vir bome, toutjies vir paaie ensomeer.
3. ‘n Werklike topografiese kaart – verkieslik met berge en vlaktes (ook ‘n ekstra een vir kompetisie).

KAARTORIëNTERING
1. Bou met en op die sand jou eie onmiddelike omgewing soos wat dit nou om jou lyk.
2. Laat die kinders die bak sand draai totdat dit georiënteer is.
3. Gebruik die kompas en horlosie om ware en magnetiese noord nou te verduidelik.
4. Verduidelik baie goed wat deklinasiehoek is en hoe dit met kaartwerk verband hou. (Kompas na kaart en omgekeerd)

KAARTWERK
1. Bou saam met die kinders met en op die sand al die basiese elemente wat op die topografiese kaart moontlik is.
2. Gebruik dit nou om al die punte in die graadwielwerk te verduidelik soos:
    - Kontoerlyne
    - Rigtingbepaling
    - Watter roete beter is om te stap
    - Afstande
    - Helling
    - Waterskeidings
    - Uitlopers
    - Tussensigbaarheid
    - Ruitnetstelsel
    - Peilings en terugpeilings
    - Posisiebepaling

KOMPETISIE
1. Gebruiik twee of meer bakke sand.
2. Gebruik ‘n ander topografiese kaart as die een waarmee gewerk is tot op hede.
3. Laat hulle doen wat jy hulle vra om te doen en gee punte vir wie eerste korrek en klaar is.

Wat ‘n lekker manier om kaartwerk prakties te beleef!